33 dae van fokus

Hier is ek, Heer!

– wéés die kerk ...

28 Mei tot 29 Junie 2017

Saamgestel deur Awie Verhoef

Inhoud

Vooraf 3
Hoe die studiegids gebruik kan word 4
Vir groepe. 4
Vir individue. 4
1. Saad: van waar? 5
Liefde is 'n werkwoord! 5
Julle het My nie meer so lief soos in die begin nie 6
2. Groei: diens? 8
Wie moet bedien word? 9
Wie moet dit doen? 9
Afleidings oor dienswerk in en deur die gemeente: 10
3. Blom: Wie? Ek? 11
Waar staan dit? 11
Hoe moet dit werk in die kerk? 11
4. Koelte: Wat dóén ek? 14
Wat is 'n genadegawe? 14
My genadegawes! 14
5. Vrug: Waar? 17
Doel: 17
Kyk wyer 17
Vrae wat jy jouself biddend moet afvra 17
Afskeurstrokie 20
Bylae: 22
Bylaag 1: Genadegawes vraelys 22
Bylaag 2: Prof. Gert Breed se video: Dienswerk van die gemeente. 25
Bylaag 3: Leeslys vir daaglikse oordenking 25
Bylaag 4: HK (Heidelbergse Kategismus) v/a 55: 25

Vooraf

'n Bekende manier om te sê wat die kerk is, is om "K _ R _" op 'n bord te skryf en dan te vra: " Wat kort in die woord om "kerk" te spel?" Die antwoord is: "EK". Vandaar die tema: "Hier is ék, Heer!"

In Engels werk dit ook goed. Jy skryf: "C H _ _ C H" op die bord en vra: " We is die kerk?" En dan is die antwoord: "U R" (You are!)

Verseker is dit die Bybelse antwoord op die vraag: *wie of wat is die kerk?* Die kerk is mense. Ek en jy. Gelowige mense. Mense wat deur God geroep is in 'n verhouding met Hom. (Vgl. maar die NGB, art. 27 en 28). Mense wat gehoorsaam reageer op die roepstem van die evangelie, die roepstem van die Koning van die kerk! Kerke moet dus gevorm word en hulle laat vorm deur die evangelie van ons Here Jesus Christus.

Dis hoe dit moet wees. Meer as dikwels vertoon kerke egter nie hierdie basiese kenmerk nie. Kerke word dikwels gevorm deur tradisies, kultuur, gemak, die nuutste giere, ens.

In hierdie studie gaan ons vir 5 weke opnuut kyk na wat ons Here ons leer oor hoe om kerk te wees in ons omgewing. Iemand het eenkeer gesê die wêreld word nie verander deur kerk toe te gaan nie, maar deur kerk te wéés.

Hoe was die vroegste kerk kérk? Dis duidelik dat dit gebeur het deurdat die Heilige Gees hulle gelei en geseën het. Deurdat hulle, die kerk, so ver hulle gegaan het, vertel het van hulle verlossing en die mense bedien het met die liefde van die Here (Vgl. Hd 2:43-47; Hd 4:32-37). Deur hul liefde wat in dade, dienswerk, vertaal is, het hulle die liefde van ons Here sigbaar gemaak en die "Here het elke dag mense wat gered word by die gemeente gevoeg." (Hd 2:47)

Kom! Neem deel aan hierdie studiereis om te bedink en te herdink wat kerkwees is en vir jou inhou.

Ek bid dat God deur sy Gees ons sal beweeg en roer om steeds meer vrug te dra! En ... dis maklik om te sê: "ons". Maar verandering begin by: "my"! "Ék" moet verander. As dit nie gebeur nie, gaan niks gebeur nie.

Per slot van rekening: wie is die kerk?

Awie Verhoef

Mei 2017

Hoe die studiegids gebruik kan word

Die gids is geskryf met groepe in gedagte. Maar kan ook as individuele studie onderneem word.

Vir groepe.

Elke groep wat al lank byeenkom het hul eie gebruike wanneer hul saamkom. Volg dit gerus voordat met die studie begin word.

Indien jul 'n nuwe groep is wat begin, is die volgende dalk 'n goeie manier om te begin voordat die studiemateriaal aangepak word:

Vra mekaar die volgende vrae:

Waaroor is jy dankbaar die afgelope week?

Waarmee kan ons help?

Wat het jy kon uitvoer van jou "ek sal"-stelling van verlede keer?

Doen 'n gebed.

En dan kan iemand, of lede van die groep om die beurt, die inligting in die gids voorlees. Natuurlik kan julle dan so tussenin daarop kommentaar lewer of iets byvoeg!

Dan word die teksgedeelte gelees volgens die aanwysings by elke studie waarop die begeleidende vrae dan bespreek word.

Maak seker dat elkeen weggaan met 'n duidelike dóén-ding om oor terugvoer te gee die volgende keer!

Sluit af met 'n gebed waarin onder andere voorbidding gedoen word vir elkeen om te gaan doen wat hulle hul voorgeneem het.

Vir individue.

Begin deur 'n gebed te doen.

Werk dan deur die studie soos wat dit aangebied word.

Maak seker dat jy weet wat jy nou moet gaan dóén op grond van die betrokke studie!

Bid dat die Here jou sal lei en moed gee om te gaan doen waartoe die Here jou in die betrokke studie geroep het.

Of jy dit in 'n groep of individueel doen, my bede is dat ons vry sal raak om die Here só te dien dat ons hier in die stad 'n merkbare verskil sal maak vir God se koninkryk!

Awie Verhoef

Mei 2017

Dankie aan Janita du Plessis vir die grafika, Neil vd Walt vir die insette oor die bemarking en Leonie Oberholzer vir die bymekaarhou van alles en ook haar en haar helpers se rekwisiete by elke Sondag se tema!

1. Saad: Vanwaar?

Waar kom ons vandaan?

Die antwoord op die vraag, skryf Timothy Keller, is:

> "*Van God af. Daar is net een God. Hy is onbeperk in mag, goedheid en heiligheid. En tog ook persoonlik en vol liefde. 'n God wat met ons praat deur die Bybel. Hy het alles gemaak (Gen 1). Hoekom het Hy ons en die hele wêreld geskep? Die antwoord is wat die Christelike verstaan van God so diepgaande en uniek maak. Daar is net een God, en wesenlik in Hom is daar drie persone – Vader, Seun en Heilige Gees – wat gelykelik God is en wat mekaar onderling liefhet, admireer, dien en geniet van ewigheid af. Indien God een persoon was, sou Hy nie liefde geken het totdat Hy ander wesens geskep het nie. In daardie geval sou liefde en gemeenskap nie wesenlik deel van sy karakter gewees het nie en sou dit later eers na vore gekom het. Maar God is drie-enig en daarom is liefde, vriendskap en gemeenskap intrinsiek deel van Hom en die hart van die werklikheid.*" (Aangehaal en vertaal uit: Tim Keller, Center Church: Doing Balanced, Gospel-Centered Ministry in Your City (p. 31). Zondervan. Kindle Weergawe.)

Dis ook die hart van ons werklikheid as mense. Ons is geskape na die beeld van God (Gen 1:26-27). Dit wat intrinsiek en wesenlik deel van Hom is, is dus ook van ons deel: liefde, vriendskap, diensbaarheid en onderlinge gemeenskap.

Liefde word hier as't ware "ingekleur" deur vriendskap, diensbaarheid en onderlinge gemeenskap.

Liefde is 'n werkwoord!

Mens sou onder andere kan sê liefde word sigbaar deur vriendskap, diensbaarheid en onderlinge gemeenskap.

Dis inderdaad hoe God ons geskep het en wat die bedoeling was van die begin af. Sonder om in besonderhede daarop in te gaan, teken die Here ons die groter prentjie van hoekom ons hier is al in Gen 1:28 waar ons "**werk**" is om verantwoordelikheid te neem vir die hele skepping. Dit doen ons deur daaroor te heers, dit bewerk en te bewaak. Dit word verder verduidelik in Gen 2: 3 en 15 waar daar staan dat God ons in die tuin geplaas het om dit te bewerk en op te pas en dat Hy Adam geroep het om die skepping te ken (Gen 2: 19 en 20), sodat hy moes agterkom dat hy iemand kort wat sy gelyke is, iemand wat by hom pas (Gen 2:18).

Só ontdek Adam, volgens God se bedoeling, dat hy eintlik nog voller mens word deur in 'n **verhouding** te staan.

Dit word hieruit duidelik dat ons volledig geïntegreerde mense is. Ons is geskape om in ons verhoudings en in ons werk die beeld van God te vertoon. God roep ons om as verlostes ons verhouding met Hom oral en altyd uit te leef.

Hierdie "heel mens"-lewe vorm die basis en uitgangspunt van hoe ons as verloste mense kan en moet leef in Christus.

Dit word duidelik wanneer mens die woordgebruik in teksgedeeltes soos 1 Kor 1:17, Rm 12:3 en 2 Kor 10:13 met mekaar vergelyk.

> 1 Kor 1:17 – "*Verder moet elkeen in die omstandighede bly wat die Here vir hom **gegee** het. Hy moet bly wat hy was toe God hom **geroep** het. So skryf ek dit ook aan al die gemeentes voor.*"
>
> Rm 12:3 – "*Kragtens die genade wat aan my gegee is, sê ek vir elkeen van julle: Moenie van jouself meer dink as wat jy behoort te dink nie. Nee, lê jou liewer daarop toe om beskeie te wees in ooreenstemming met die maat van geloof wat God aan elkeen **toebedeel** het.*"
> 2 Kor 10:13 – "*Maar wat ons betref, ons sal met ons roem nie buite die perke gaan nie. Ons bly binne die perke van die werkkring wat God aan ons **toegemeet** het. Julle val ook binne daardie perke.*"

In 1 Kor 1 hierbo word twee gelaaide woorde gebruik: ***gegee*** (wat ook toegewys of toegedeel kan beteken) en ***geroep***.

Dis woorde wat gebruik word waar God mense roep om as verlostes in verhouding met Hom te wees en ook dat hy gelowiges genadegawes gee om bediening te doen vir die opbou van die kerk (Rm 12:3 en 2 Kor 10:13).

In die vergelyking tussen die tekste hierbo is dit duidelik dat Paulus dieselfde woorde gebruik in verband met "gewone" sosiale en ekonomiese werk! Die implikasie is duidelik: net soos wat God mense roep en gawes toewys om die kerk op te bou, so doen hy dit om die gemeenskap op te bou!

Dis waarop die liefde uitloop: om diensbaar te wees in alle fasette va jou lewe!

Julle het My nie meer so lief soos in die begin nie …

Oordink nou Op 2:1 – 7 biddend in die lig van die laaste sin hierbo.

Dis Jesus se brief aan die kerk in Efese. En in besonder is dit sy brief aan ons, die kerk van die Here vandag.

Stappe en vrae om jou of die groep te begelei in die oordink van die teks:

- Lees Op 2:1 – 7 terwyl almal in hul Bybels volg.
- Laat iemand dit weer voorlees terwyl almal net luister.
- Neem beurte of laat 'n persoon wat wil die brief in hul eie woorde vertel.
- Wat waardeer Jesus van die kerk in Efese?

- Wat is Jesus se aanklag teen die kerk?

- Hoe het dit gekom dat die kerk so geraak het?

Miskien is dit gepas om hier ook te dink oor die volgende vry vertaalde aanhaling: *"Die snykant van die evangelie is om duidelik te onderskei tussen wettisisme (legalisme), wetteloosheid (antinomianisme) en die evangelie. Hierdie duidelike onderskeid is noodsaaklik vir die lewens veranderende werk van die Heilige Gees. Wanneer ons evangelieboodskap selfs net effens suggereer: "jy moet glo en reg leef om gered te word" (wettisisme, verdienste godsdiens) of – aan die ander kant – ook selfs net effens suggereer: "God aanvaar jou en het elkeen lief net soos jy is" (wetteloosheid), sal ons vind dat ons oordra/verstaan van die evangelie nie die identiteitsveranderende en hartsomvormende werk te weeg sal bring waarvoor dit bedoel is nie."* (Keller, Timothy. Center Church. p 31)

- Wat val jou verder op in die gedeelte?

- Wat openbaar God drie-enig van Homself hier?

- Wat word hier van ons as mense gesê?

- Wat is jou: "Ek sal"-stelling? (Met ander woorde: wat gaan jy anders dóén in die komende week/weke op grond hiervan?)

2. Groei: Diens?

Soos ons in Studie 1 gesien het, is ons hier om te dien – om die liefde van Jesus hande en voete te gee. Dit gaan oor my en jou dienswerk.

Die volgende aanhaling grond dit – weereens – in die drie-enigheid van God self!

> *"Dus 'n drie-enige God het ons geskape (Jh 1:1-4), maar Hy sou ons nie geskape het om die vreugde van wedersydse liefde en diens te hê nie. Hy het dit reeds gehad in Homself. Nee! Hy het ons geskep om te deel in sy liefde en diens. Soos ons weet volgens Jh 17:20-24 het die Persone van die Drie-eenheid mekaar lief en dien hulle mekaar – hulle is op "ander' gerig. Daarom het God ons geskep om net so te leef. Ten einde die vreugde en liefde te deel wat God ken in Homself, het Hy 'n goeie wêreld geskep waarvoor Hy omgee, 'n wêreld gevul met mense wat geroep is om Hom te aanbid, te ken en om Hom te dien en nie hulself nie."* (Keller, Timothy. Center Church. p 34)

Nou is dit so dat die sondeval hierdie oorspronklike "goedheid" wat God ingeskape het in die skepping kom beduiwel het. Daar het afstand gekom tussen Adam en Eva (Gen 3:7) en die hele skepping is geraak daardeur (Gen 3:17 en 18; Rm 8:20) en ook die diensmotief en vreugde en betekenis in ons werk word daardeur wesenlik negatief getref (Gen 3:19).
Nogtans bring ons Here Jesus Christus ook hierin vernuwing, uitkoms, oorwinning en hoop deur sy lyding, kruisiging, opstanding en hemelvaart. Só dat Jakobus, byvoorbeeld, kan sê dat geloof sonder werke dood is (Jak 2:17).
Dwarsdeur die Nuwe Testament kom die diensmotief duidelik na vore in die sogenaamde "mekaar"-tekste.

Hoe moet gelowiges mekaar van diens wees volgens die volgende tekste:

Mk 9:50	Jh 13:34
Hd 4:32	Rm 12:10
Rm 12:16	Rm 14:13
Rm 15:5	Rm 15:7
1 Kor 11:33	1 Kor 12:25
Gal 5:13	Gal 6:2
Ef 4:2	Ef 4:25
Ef 4:32	Ef 5:21
Kol 3:13	Kol 3:16
1 Tess 5:11	Heb 10:24-25
Jak 5:16	

Dis duidelik dat dienswerk deur die dissipels – die volgelinge – van Jesus, sterk op die voorgrond kom in die Bybel. Trouens, behalwe dat elke paragraaf in die Bybel openbaring van God oor Homself is, is daar ook iets te neem wat ek moet gaan doen.

Wie moet bedien word?

Hd 6:

(v1) In daardie tyd, toe die gelowiges nog steeds meer geword het,	*Oorsaak*
het daar klagtes gekom	*Gevolg*
teen die Hebreeussprekendes van die Griekssprekendes,	*Wie?*
dat hulle weduwees in die daaglikse versorging afgeskeep word.	*Rede?*
(v2) Die twaalf apostels roep toe al die gelowiges bymekaar en sê vir hulle: "Dit is nie reg dat ons die verkondiging van die woord van God verwaarloos om die versorging te kan behartig nie.	*Assesering: Wie moet wat doen?*
(v3) Nou, broers, soek sewe mans onder julle uit wat daarvoor bekend is dat hulle vol van die Heilige Gees is en wysheid het, sodat ons hulle vir hierdie taak kan aanstel.	*Voorgestelde oplossing*
(v4) Ons sal dan al ons aandag aan gebed en die bediening van die woord bly gee.	*Gevisualiseerde uitkoms – oplossing van die probleem.*

(Diagram geneem uit Breed, Gert. Die bediening van die gemeente kursus video by: http://youtu.be/l3W08JPZSOU)

Dis duidelik dat álmal bedien moet word!

Wie moet dit doen?

Lees die volgende tekste en bespreek dit met mekaar:

1 Pt 4:10:

As goeie bedienaars (bestuurders)
van die veelvoudige genade van God
moet **elkeen**,
namate hy 'n genadegawe ontvang het,
die **ander** dien (diakoneo) .

Mk 10:42 – 45:

Jesus roep hulle toe nader en sê vir hulle: "Julle weet dat dit by die nasies so is dat hulle sogenaamde regeerders oor hulle baasspeel en dat hulle groot manne die mag oor hulle misbruik. Maar by julle moet dit nie so wees nie. Elkeen wat in julle kring groot wil word, moet julle dienaar (diakonos) wees; en elkeen onder julle wat die

eerste wil wees, moet julle almal se dienaar wees. Die Seun van die mens het ook nie gekom om gedien (diakoneo) te word nie, maar om te dien (diakoneo) en sy lewe te gee as losprys vir baie mense."

Jh 12:26:

"As iemand My wil **dien**, moet hy My **volg**; en waar Ek is, daar sal my dienaar ook wees. As iemand My dien, sal die Vader hom eer."

Afleidings oor dienswerk in en deur die gemeente:

(Geneem uit Breed, Gert. : Die bediening van die gemeente. Volgstuk by die kursus wat hy aangebied het by die GK Rustenburg. Video by: http://youtu.be/l3W08JPZSOU)

Afleidings uit Hd 6

- Bediening (diakonia) van lidmate is 'n baie hoë prioriteit
- Doeltreffende aandag aan lidmate se probleme (versorging na binne) voorkom dat effektiewe uitreik na buite stol.
- Die dienswerk van leiers in die gemeente kan verdeel word wanneer dit te veel raak.
- Spesialisasie van dienswerk is nodig by die verdeling daarvan.
- Leiers behoort 'n fokusgebied in hul dienswerk te hê en mag nie die primêre roeping agterweë laat nie.
- Gemeente is betrokke by die kies van leiers vir 'n besondere taak.
- 'n Konkrete situasie lei daartoe dat leiers gekies word om daardie probleem te takel.
- Roeping en verkiesing van leiers is deel van 'n aktuele en dinamiese groeiproses in die gemeente.

Beginsels oor dienswerk (*diakonia*) wat uit die Skrif afgelei kan word:

- Nêrens word die inhoud van die diakonia duidelik uitgestippel nie.
- Diakonia beskryf álle dienswerk in die gemeente
- Daar bestaan 'n groot verskeidenheid van diakonia in die gemeente.
- Leiers moet fokus op hul terrein van roeping en toerusting.
- Wanneer die diakonia te veel raak moet leiers gekies word om deel van die diakonia oor te neem.
- Soms moet leiers vir 'n tydelike taak gekies word.
- Die gemeente moet toegerus word vir hulle diakonia.

Bespreek die afleidings hierbo met mekaar en kyk waar dit in ons gemeente toegepas kan/moet word. (Gee die voorstelle asseblief so spoedig moontlik deur na die kerkkantoor toe. Dis nodig vir 'n saamgestelde en omvattende raamwerk vir herstrukturering in ons gemeente).

Hierdie studie is 'n direkte poging om aan die laaste kol-paragraaf hierbo gehoor te gee.

3. Blom: Wie? Ek?

Ja! Jy!

Die Bybel is hieroor duidelik. Nie één gelowige, géén ledemaat van die liggaam van ons Here Jesus Christus, word uitgesonder om dienswerk te verrig nie!

Waar staan dit?

Lees en besin oor:

- Rm 12:6a
- Ef 4:7

Daar staan in albei hierdie verse die belangrike woord: "***elkeen***".

- *Wat sê dit van jou? Weet jy al watter gawes jy het?*

- *Wat sê dit vir/van ons kinders? En ouer mense? Hoe dink jy kan dit beslag kry in ons gemeente?*

Hoe moet dit werk in die kerk?

1.

1 Kor 12:4 – 6:

Daar is 'n verskeidenheid van ***genadegawes***, maar dit is dieselfde *Gees* wat dit gee; (v4) — *charismata*

daar is 'n verskeidenheid van ***bedieninge***, maar dit is dieselfde *Here* wat die opdrag gee; (v5) — *diakonia*

daar is 'n verskeidenheid van ***kragtige werkinge***, maar dit is dieselfde *God* wat alles in almal tot stand bring (v6) — *energemata*

Dis duidelik: *charismata* (genadegawes) kom tot uiting in *diakonia* (dienswerk) en dit word sigbaar in *energemata* (kragtige werkinge. Mens hóór sommer die woord:"energie", nie waar nie?).

Bespreek die teks met mekaar. Wat val jou op? Wat sê dit van die Drie-enige God?

2.

Daar is nog ‘n baie belangrike gedeelte in die Bybel wat uitwys hoe dit in die kerk van die Here moet werk.

Ef 4:11-13

Die volgende is ‘n skematiese uiteensetting van Ef 4:11 – 13 *(Geneem by Dr Francois Kruger)*:



’

Die twee stippellyne is baie belangrik in hierdie diagram.

Die horisontale stippellyn dui op die aksie wat oorgaan na ontvangers toe. Die ontvangers is op die tyd van die aksie, passief. Maar as die passiewe ontvangers nie oorgaan daartoe om weer (veranderings-)agente te word nie, in gehoorsaamheid aksie te neem deur die Heilige Gees nie, kan die volgende stap in die proses nie volg nie.

Die vertikale stippellyn is die lyn wat ons nóú nog meer volledig móét oorsteek! Dis die lyn wat oorgesteek moet word om vanaf ‘n redelik tradisionele kerk te ontwikkel in ‘n kerk wat haar laat vorm deur die evangelie van Christus!

Dit beteken dat ons elkeen, met die gawes wat ons het, ons moet laat toerus om in ‘n dienswerk te staan, hoe groot of hoe gering ookal in die oë van mense, en waar

ookal, sodat die liggaam van Christus, die kerk – óns almal – opgebou kan word en kan groei en word soos Jesus Christus (Ef 4:12b en 13 hierbo).

Wat val jou verder op in die teks?

Hoe en in hoe 'n mate dink jy gebeur elke stap / gebeur dit nie in ons gemeente?

Hoe dink jy moet dit gebeur?

Vir volgende keer:

Jy kan ter voorbereiding vir volgende keer die vraelys in bylaag 1 agter in die boekie, invul. Laat ander dieselfde vraelys ook oor jou invul om bevestiging te kry van wat regtig jou genadegawes is.

4. Koelte: Wat dóén ek?

Die "wat?" van my dienswerk word beantwoord deur genadegawes wat ek ontvang het.

Wat is 'n genadegawe?

Uit die Grieks oorgeskryf is die woord vir "genadegawes": *charismata.*
Daar is baie definisies hiervan. Een definisie is:
'n Genadegawe is 'n **spesiale vermoë**
wat die **Heilige Gees aan elke gelowige gee**
in **ooreenstemming met God se wil**
deur genade alleen
tot **voordeel van die lggaam van Christus**.
(Geneem uit: Hybels, Bill e.a. Netwerk. Willow Creek. Vgl. beslis ook ons belydenis volgens HK v/a 55! – *bylaag 4* agter in die gids.)

Baie gelowiges is reeds diensbaar in 'n dienswerk of bediening waarin hulle vreugde ervaar en weet dat dit die plek is waar die Here hulle geroep het. Dit kan dienswerk wees in die kerk spesifiek, of by die plek waar hulle geroep is om te werk vir 'n inkomste of in die gemeenskap êrens waar hulle diensbaar is ten behoewe van armes of andersins. Dis om vir dié om my as't ware koelte, 'n lafenis, te gee.

Baie gelowiges is reeds diensbaar, maar voel dat daar méér of iets ánders in moet wees.

Ander gelowiges is glad nie diensbaar met die gawes wat die Here hulle gegee het nie.

Wat ookal met jou die geval is, dis tyd dat jy uitvind óf bevestig wat jou gawes is.

- *Voltooi asb die vorm in bylaag 1 agter in die boekie om uit te vind wat jou gawe(s) is deur die aanwysings daar te volg.*
- *Laat minstens een, maar verkieslik twee, ander mens(e) wat jou goed ken ook die vorm voltooi soos wat hulle jou sien en ken. Genadegawes word bevestig deur ander gelowiges wat jou sien funksioneer. Dis juis sigbaar!*

My genadegawes!

Skryf nou jou genadegawes hieronder neer:

_____

_____

_____

Die groot vraag is: **wat maak ek hiermee?**

Waar gaan ek **wat** doen om my genadegawes te gebruik?

Dis die doel van die volgende studie om dit aan te toon en jou sodoende in 'n rigting te wys waar jy diensbaar kan wees.

Onthou:

1. Anders as die gangbare houding en verstaan van dienswerk in die kerk, is om diensbaar te wees in ooreenstemming met die genadegawes wat die Here jou gegee het, nie 'n las nie. Dis 'n **vreugdevolle** en **volhoubare** ding wat ek kan doen soos die Here my roep. Vergelyk hiervoor weer die "*Afleidings oor dienswerk in en deur die gemeente*" soos dit in studie 2 geskryf is.

2. Vir jou dienswerk om volhoubaar te wees, moet jy dit ook kan aanpas by jou seisoen van lewe. In watter fase van jou lewe jy jou bevind gaan bepaal hoeveel tyd jy beskikbaar het en ook wat jy kan doen met die energie wat jy beskikbaar het.

Dit beteken onder andere:

Die bediening in die gemeente werk gewoonlik só:



En eintlik moet dit só werk:



- *Bespreek mekaar se genadegawes aan die hand van die definisies in die vraelys. Watter insigte kry jy vir jou dienswerk?*

- *Dank God vir jou genadegawes en bid dat Hy jou hart en oë sal oopmaak om te hoor hoe en waar Hy jou wil gebruik met inagneming van jou spesifieke omstandighede.*

5. Vrug: Waar?

Doel:

Aan die einde van hierdie studie gaan jy weet waar jou plek van dienswerk is.

Kyk wyer

Vroeër is al verwys daarna, maar dis nodig om dit weer hier te sê: 'n dissipel van die Here is diensbaar op 'n plek / plekke in die **koninkryk van God**. Die koninkryk van God is wyer as net bloot die kerk. Die kerk is die "broeikas", die ontwikkelplek, van jou dienswerk as dissipel. Dis waar jy onder die beskerming van medegelowiges en met hul aanmoediging jou gawes ontwikkel en die lewenshouding van 'n ware dissipel aanleer, nl. om diensbaar te wees (Vgl. weer bv. Jh 12:26).

Vrae wat jy jouself biddend moet afvra

1. Hoeveel tyd het jy per week beskikbaar vir dienswerk op hierdie stadium in jou lewe?

2. Is jy 'n mens mens of is jy 'n taakgerigte mens?

3. Watter tipe goed wat jy nou doen gee jou energie? Watter tipe goed maak jou moeg?

4. Wat is jou sterkste gawe (Vgl. p14) ?

5. Kyk na die lys van reeds beskikbare dienswerkgeleenthede hieronder: waarby sal jy graag betrokke wil raak? (Lys hoogstens twee moontlikhede)

6. Waarby is jy reeds betrokke?
   Hoe sou jy, in die lig van jou gawe(s), eerder daarby betrokke wil wees?
   Waar sou jy, in die lig van jou gawe(s), eerder betrokke wil wees? (Vgl vraag 5)

7. Kry iemand wat jou ken / in die groep waarin jy is en bespreek al die antwoorde op die vrae hierbo met hom/haar. Wat is sy/haar aanbeveling?

In die lig van al die bogenoemde is my plek van dienswerk:

_____

8. Ander plek(ke) van diens waar jy reeds betrokke is elders:

9. Hoe kan jou groep / ander jou in hierdie ander plekke van diens help of ook betrokke raak?

NB: Vul al hierdie ook in by die afskeurstrokie (p20).

Reeds bestaande plekke van dienswerk:

Begrafniskomitee Bou en instandhouding Burundi bediening Bestuurspan. Farming Gods Way Fondsinsameling (FI$) Gebedsondersteuning Genadeplaas – Toevlugsoord Kinderhuis Jeugbediening: Voorskool Laerskool Hoërskool Kairos Gevangenisbediening Kairos “Out Side” Kings Hope (gemeenskapsopheffing in Olievenhoutbosch: TB- HIV program) Koningskinders	Kleuterkerk Kommunikasiespan Kosuitreik (Olievenhoutbosch kleuterskool en ouetehuis) Kleingroepbediening Musiekbediening Naaldwerk Saamkuier groep Nuwe intrekkers Olievenhoutbosch: Place of Safety, Old Age home. Sestigplussers (Senior lidmate) Siekebesoek Sondagaand Verversings en Teeskink Sopkombuis (L/sk Wierdapark) Teeskink Sondagoggend na die erediens Tuinspan Uitreikspan

Afskeurstrokie

(Vul p17-18 se antwoorde hier in saam met jou naam en kontaknommer).

Naam: _____ Kontaknommer:_____

Vrae wat jy jouself biddend afgevra het:

1. Hoeveel tyd het jy per week beskikbaar vir dienswerk op hierdie stadium in jou lewe?

2. Is jy 'n mens mens of is jy 'n taakgerigte mens?

3. Watter tipe goed wat jy nou doen gee jou energie? Watter tipe goed maak jou moeg?

4. Wat is jou sterkste gawe?

5. Kyk na die lys van reeds beskikbare dienswerkgeleenthede: waarby sal jy graag betrokke wil raak? (Lys hoogstens twee moontlikhede)

6. Waarby is jy reeds betrokke?
   Hoe sou jy, in die lig van jou gawe(s), eerder daarby betrokke wil wees?
   Waar sou jy, in die lig van jou gawe(s), eerder betrokke wil wees? (Vgl vraag 5)

7. Kry iemand wat jou ken / in die groep waarin jy is en bespreek al die antwoorde op die vrae hierbo met hom/haar. Wat is sy/haar aanbeveling?

In die lig van al die bogenoemde is my plek van dienswerk:

_____

8. Ander plek(ke) van diens waar jy reeds betrokke is elders:

9. Hoe kan jou groep / ander jou hierin help of ook betrokke raak?

Sny hierdie bladsy uit en gee dit aan jou groepleier / kerkkantoor.
Jy sou dit ook kon skandeer en stuur na: kerk@gkwp.co.za met die *Subject line*: "Dienswerk terugvoer".

Bylae:

Bylaag 1: Genadegawes vraelys[1]

Jy sal nog so vraelys ontvang wat jy aan minstens een ander persoon, maar verkieslik twee of meer ander, moet gee om oor jou in te vul. (Maak fotostate indien nodig). ***NB: Jy kan ook 'n meer volledige vraelys op harde kopie by die kerkkantoor kry indien jy so sou verkies.*** *(Kan dit ongelukkig nie aan jou epos nie. © Willow Creek.)*

[1] Geneem uit Willow Creek se: *Netwerk.* Die "Waarnemingsbepalings vraelys". © Willow Creek.

1. *Vergelyk jou eie invul van die vraelys met die ander persone se waarneming van jou.*
2. *Kyk biddend watter gawe(s) by jou sterk ontwikkel is.*
3. *Skryf jou gawes op bladsy 14 neer.*

Bylaag 2:

Prof. Gert Breed: Bediening van die gemeente – video van die kursus wat hy aangebied het by: http://youtu.be/l3W08JPZSOU

Die e-dokument of hardekopie van die volgstuk vir die video is by die kerkkantoor beskikbaar (kerk@gkwp.co.za). Die volgstuk is saamgestel deur Awie Verhoef.

Bylaag 3: Leeslys vir daaglikse oordenking

Wat hier volg is tekste vir oordenking by elke week se studie. Daar is 5 tekste vir elke dag van die week (uitgesonderd naweke). Baie van die tekste stem ooreen met tekste wat in die groepstudie ook na vore kom. Dit verseker dat jy ook beter bekend is met die stof in die studiestuk.

Studie 1:

1. Gen 1:26-27	2. 1 Kor 1:17	3. Rm 12:3	4. 2 Kor 10:13	5. Op 2:4

Studie 2:

1.Jh 17:20-24	2. 1 Pet 4:10	3. Jh 12:26	4. Jh 13:34-35	5. Ef 5:21

Studie 3

1. Rom 12:4-6	2. Ef 4:7	3. 1 Kor 12:4-6	4. E 4:11-13	5. Gal 5:13

Studie 4

1. 1 Kor 12:1	2. 1 Kor 12:7-11	3. Rom 12:6-8	4. Ef 4:11	5. 1 Pet 4:11

Studie 5

1. Op 2:1vv	2. Jh 12:26	3. Rm 12:3-8	.4 1 Pet 4:7-11	5. Kol 1:9 – 10

Bylaag 4: HK (Heidelbergse Kategismus) v/a 55:

Wat verstaan jy onder die gemeenskap van die heiliges ?

Antwoord: Ten eerste dat die gelowiges, almal saam en elkeen afsonderlik, as lede met die Here Christus gemeenskap en aan al sy skatte en gawes deel het. Ten tweede ***dat elkeen verplig is om sy gawes gewillig en met vreugde tot nut en saligheid van die ander lede aan te wend.*** (Eie beklemtoning - AV)